

Lees: Jona 2

Teks: Jona 2:2

Tema: *Afhanklik van God gemaak - om opreg te kan bid*

Geliefdes in Onse Here Jesus Christus

Jona is 'n uitstaande voorbeeld in die Ou Testament van iemand wat nie geweet het hoe om sy vryheid reg te gebruik nie. Hy het vryheid, onafhanklikheid ... hy kan gaan, kan beweeg, het vermoëns en talente, gawes - maar gebruik dit nie reg nie. 'n Dure en sware roeping is op hom gelê, waarvan hy baie goed bewus was. Hy moes die sonde van 'n vyandige, bese stad gaan aanspreek. Maar dit is te 'n swaar taak vir hom. Hy misbruik sy vryheid.

Maar God leer hom afhanklikheid. Isoleer hom, ontnem hom van sy vryheid. Hy word al hoe meer afhanklik van God gemaak. Blitsvinnig maak God van hom 'n bidder, 'n belyder. Hierdie geloofsdroster word 'n belyder voor God! En God doen dit deur Sy mag oor die natuur in te span. Hy keer Jona se enkelkaartjie na die Weste toe om in 'n retoerkaartjie na die Ooste, terug na Sy heilige tempel toe en na die plek in die verre Ooste waar God Hom wou gehad het!

Gebedsafhanklik gemaak

Jona 2:2 wys twee baie belangrike dinge: Die Here het my in my nood gehoor en verhoor: Die Here se tempel strek tot hier by sy worsteling in die water. God hoor Hom, maar Hy antwoord ook. Maar ... eers het God 'n pad met hom geloop tot op hierdie punt. Totdat die profeet besef God hoor en antwoord.

Die Here het vir Jona leer bid. 'n Gebed wat bely, sy berou laar hoor en sy afhanklikheid van God. Op die skip het hy opgehou bid. Die oomblik toe hy wiillens en wetens besluit het om ongehoorsaam te wees en van God af weg te vlug - soos hy gedink het hy kan - het hy opgehou bid. Hy het gedink hy is sterk genoeg om sy eie ding te doen. Hy gaan slaap eerder in die boeg van die skip as om te bid.

Maar baie gou begin hy bid! Sy ontugtering is so groot! Die oomblik toe hy die water tref, begin sy belydenis: Here, U het my die diepte ingegooi! Maar dit is nog nie die oomblik waarop die Here sy gebed verhoor nie. Jona bely: Ek dryf op die oppervlak tussen golf na golf wat oor my slaan. (Vs 3) Hy het nog nie begin sink nie. Maar hy kan nog swem en spartel, asem skeep tussen elke golf. Maar as hy sou wou dink hy kan dalk in eie krag terugswem land toe, dalk weer met sy eie krag homself red, onafhanklik bly, self weer die skip soek en terugklim in die storm wat nou bedaar het, begin hy sink. (Vs 5:) Die water vou hom nou toe. Seegrass klou om sy kop. Miskien kan hy hard skop en spartel? Weer boontoe gaan en lug skeep? Nee! God maak hom nog verder afhanklik! Hy moet bodem toe sink! God isoleer hom verder van enige gedagte daaraan dat hy self iets kan regkry. Hy moet sink tot by die fundamente van die berge!

Eers dan, br en sr, eers as hy moet aanvaar - ek is nou dood. Net die Here kan my

help ... stuur die Here die groot vis om Jona in te sluk. Moet nou ook nie dink dat Jona geweet het en besef het hierdie vis bring redding nie! Dink vir jouself: As jy moet spook en spartel in die water, afsak, al hoe dieper, en hier kom 'n allemintige groot vis en sluk jou nog boonop in - sou jy dink dat jy gered word? Vir Jona was dit so goed as sy graf hier in die onderaardse dieptes! Eers toe hy in die vis se ingewande tot verhaal kom, asem skep en dinge begin oordink - drie dae lank, begin die besef vn redding tot hom deurdring. Besef hy dat God sy gebed gehoor en verhoor het. Dan begin hy hierdie lof en dankgebed, sy belydenis komponeer. Kry hy perspektief op wat met hom gebeur het.

Baie mense het probleme daarmee om te aanvaar dat hierdie dinge regtig met Jona gebeur het. Party probeer kyk na ander gevalle tot in die moderne geskiedenis om te probeer bewys dat dit kon gebeur het, of nie gebeur het nie. Die Bybel het dit nie nodig nie! Die Bybel verkondig God se magtige dae en bedoelings!

Kom ons maak dit eenvoudig: As jy nie kan aanvaar dat Jona werklik in 'n groot vis se binnekant - maak nie saak waar in sy lyf - oorleef het vir drie dae en weer lewendig op die droë grond uitgespoeg is nie, sal jy net so moeilik kan glo dat Jesus werklik vir drie dae in die graf was. En dan sal dit nog moeiliker wees om te glo dat Hy werklik opgestaan het uit die dood. Let daarop dat Jesus slegs bereid was om een enkele teken te gee aan die ongelowiges:

Matt 12:38-40: Party van die skrifgeleerdes en die Fariseërs sê toe vir Hom: "Meneer, ons wil 'n wonderteken van u sien. 39 Maar Hy antwoord hulle: "'n Slegte en afvallige geslag vra 'n teken, en geen teken sal aan hulle gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. 40 Soos Jona drie dae en drie nagte in die maag van 'n groot vis was, so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte binnein die aarde wees. (NV)

Ons moet die hand van God sien in hierdie gebeure: Hy maak van 'n doodsverwachting 'n lewensverwachting. Hy kon selfs vir Jona uit die dood opwek as Hy wou. Waarom hom dan nie in die lewe hou nie? En daarvoor span Hy die natuur in wat Hyself gemaak het en ook self onderhou. So het Jesus Christus, Sy Seun, ook gemaak! Hy het die wind beveel, vissies en broodjies vermeerder vir meer as 5000 mense. Hy het met Sy spuug en 'n bietjie grond 'n blinde laat sien. So staan dit die Here vry om Sy natuur in te span om van 'n enkelkaartjie Tarsis toe 'n retoerkaartjie te maak! 'n Gratis retoerkaartjie Jerusalem toe!

Maar - ons moet die grootste wonder van alles nie in hierdie hoofstuk nie mis nie:

Dit is dat die Here sy ongehoorsame profeet tot gehoorsaamheid en bekering lei. Van plan laat verander en van rigting! Wanneer God deur Sy Gees inwerk in die mens om die ware bekering te bewerk is dit 'n grootse wonder! Hy maak die mens se dooie wil lewend en nuut!

God span 'n pad van konflik, skaamte en konfrontasie in om die mens tot berou en selfkennis te bring (vgl Jona 1), maar God beweeg hemel en aarde om die mens tot nuwe lewe te bring, tot gebedsafhanklikheid en jou te oortuig dat Hy jou

gebed verhoor!

Goeie gebedsverwagting

In die hele proses waar God Hom afhanklik maak, isoleer, temper God ook sy gebedsverwagting. Sy gebedsfokus. Dit is opvallend om te sien waarvoor Jona bid so in die prosesse van afhanklikheid waardeur God Hom neem: Nie om te lewe, te trou en kinders te hê nie. Nie om dalk weer genoeg krag en gesondheid te hê om sy eie ding te doen en dalk weer sy vryheid en onafhanklikheid te misbruik nie. Nee, hy vra net om hulp, en hy hoop en verwag dat hy weer die Here se heilige tempel in Jerusalem sal aanskou!

Br en sr, hierdie verwagting sien 'n mens meer as een keer in die OT by gebedsverhoring. Die regte gebedsaak is belangrik. Ook die regte gebedsafhanklikheid van God alleen. Maar 'n mense se onselfsugtige hoop en verwagtings is net so belangrik! Die hoop op die tempel! Hoop daarop om God te ontmoet en te aan bid, die regte offers van dank en eer en lof en prys te bring! Meer as enigiets anders! Ons hoor dit by koning Hiskia in Jes 38: As die profeet Jesaja vir hom kom sê dat God sy gebed verhoor het, is die eerste ding wat hy vra: Wat is die teken dat ek weer die Here in Sy tempel sal ontmoet? Daarheen sal opgaan? Ook Dawid in Psam 27:4: Net een ding het ek van die Here begeer en dit sal ek soek: Dat ek die goedheid van die Here kan aanskou en ondersoek in Sy tempel.

Hierdie gebedsverwagting breek regdeur mens se onafhanklikheid en vryheid! Ek verwag om so na as moontlik aan God te wees, so styf as moontlik aan Hom gebind! In Sy skaduwee, digby Hom wil ek wees! Werklik afhanklik! My vlerkies eerder geknip, eerder verhinder om my eie pad te loop en te maak wat ek wil as om vêr van God te wees! Eerder wil ek my dank dag en nag in Sy Heilige tempel voor Hom uitstort as enigiets anders.

Feit dat mense die erediens nie opsoek nie, wys dat hulle onafhanklikheid en vryheid nie kan hanteer nie! En geestelik afgestomp is. As hierdie verlange nie in jou is, so dat jy dit vir niks wil mis nie, geen oomblik of geleentheid wil laat vebygaan om by God te wees en Hom te eer en te aanbid nie, dan is jy bitter onvolwasse in jou geloofsluwe. Weet jy nog nie wat werklike afhanklikheid van God is nie. Nog te sterk, te veel eie krag. Biddeloos en ondankbaar. Groot gate in jou verhouding met God.

Dan het jy nog te veel ander goed wat belangrik is vir jou in jou lewe. Dan moet jy mooi kyk of Jesus werklik jou enigste Verlosser en Saligmaker is. Of jy jou redding en saligheid buite jouself in Chirstus soek. Mooi kyk of jy soos so baie sg moderne mense 'n ander god en belange langs Jesus het wat net so gesagvol praat, vir jou ook 'n waarheid is. Dit kan 'n bitter pynvolle proses in jou lewe word as jy nie besef hoe afhanklik jy van God is nie! Pyn van al meer en meer geïsoleer word, afhanklik gemaak word. Van onafhanklikheid gestroop word.

Ek roep tot u in donker dae ...

Dit is belangrik om hier raak te sien:

- * In jou diepste nood moet 'n mens nie nog veg teen God en sy bedoelings nie. Herken eerder God se hand daarin. Jou nood wat jy ervaar is baiekeer die geweld van sy genade. Dink mooi oor hierdie woorde: Die geweld van Sy genade. Dit is nie net sleg om beproef te word nie. Ons moet genade daarin herken. Uit ons nood moet groei: Wat wil u, Here, hê moet ons doen? Hoekom ek? Hoelank ... teenoor: Wat wil U, Here, bereik?
- * Moet God nooit onderskat nie. Hy kan jou omkeer, jou wil buig. Hy kan en sal selfs Sy natuur daarvoor inspan. As jy dink jy kan stry teen sy wil: Besef nou sommer voor die tyd dat jy die aftog gaan blaas.
- * Daar is 'n pad terug na God toe. Selfs vir 'n geloofsdroster. Skaamte en berou moet my bring tot belydenis en gebed. Dit is belangrik om te sien hoe ek my gemeenskap met God gemis het, veral met Sy tempel.
- * Geloof speel die belangrikste rol in jou lewe: In geloof moet jy *hoop* herken nog voordat iets gerealiseer het. Jona het 'n loflied gesing en beloftes afgelê nog voordat hy op droë grond was. Dit was nog stikdonker nag. Menslik gesproke was daar geen sprake van redding nie! As jy nou werklik niks meer self kan doen aan 'n situasie nie, as daar niks is waarin jy jou hande kan uitstrek en meehelp nie, as jy nou geheel en al afhanklik geraak het, dan is jy baiekeer eers ryp vir 'n egte geloofsverhouding.

As God wil, dan kan Hy en sal Hy. Niks, veral nie 'n mens, is in staat om Hom teë te gaan nie. Herken dan God se manier van doen met jou, ook sy pad van tug, dan betyds.

Daar is hoop vir dit wat jy dink onredbaar is. So is daar dan ook ruimte vir lof en beloftes. Daar is geleentheid om te bid en te dink oor hoe God oor my dink.

Hou jou oë oop vir God se reddende wondermag. Dan word jy nie verras nie, maar verseker!

AMEN

Lofpsalm:	Psalm 100:1,4
Gebed:	Psalm 31:1,3,15
Sing:	Sb 2-4:1